SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS SONDAG 12 MAART 2017

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur …….. (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd in Afrikaans en om 08:30 Sentraal Afrika Tyd in Engels landswyd 'n nuusbulletin uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Vir Echolink-luisteraars is daar 'n herleiding deur Johan, ZS6JPL. 'n Potgooi is ook beskikbaar op die Liga se web tuiste.

Hierdie oudio bulletin kan van die Liga se web tuiste by www.sarl.org.za afgelaai word. 'n Teks weergawe van hierdie en vorige bulletins kan ook daar verkry word en jy kan ook inteken om nuwe bulletins per e-pos te ontvang.

In die nuus vandag,

RADIOAMATEUR EKSAMEN BESONDERHEDE VIR MEI 2017

WAT KAN ONS VERWAG UIT AMATEURRADIO IN DIE TOEKOMS

en

EERSTE AARD MAAN AARD DEURMIDDEL VAN OPERA

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

** Radio Amateur eksamen besonderhede vir Mei 2017. Vanjaar sien 'n groot verandering in die dag van die eksamen. In die verlede was die eksamen altyd op Donderdagaande geskryf, maar vanaf vanjaar sal die RAE op Saterdagoggende geskryf word vanaf 10:00 tot 13:00. Dit maak dit makliker vir die kandidate wat nie altyd die eksamen kan aflê as gevolg van werks verpligtinge nie. Registrasie vir die eksamen het geopen op 21 Januarie en sluit op Saterdag 15 April. Die eksamen sal geskryf word op Saterdag 20 Mei. Om te registreer, gaan na www.sarl.org.za/public/licences/rae.asp

** Die Wireless Instituut van Australië het onlangs gesê dat daar 'n afname in die totale aantal radio amateurs in hul land is en staan ??tans op 14 619 lisensiehouers. Daar word geglo dat amateur radio by 'n kruispad vir die laaste paar jaar is en gaan voort om te wag en sien wat die toekoms regtig sal in hou vir die diens. Die ARRL, TAPR, AMSAT en ander tegnologie-georiënteerde groepe moet die inisiatief neem en ons moet op ons eie vooruit na die toekoms. Ons moet proaktief wees om te verander, uitdagings aanvaar en nie "wag en sien" houding in neem nie. Daar sal lede in al ons organisasies wees wat nie akkoord sal gaan met wat die toekoms mag inhou nie maar die geskiedenis en ervaring wys vir ons dat die aanneming van 'n posisie van beperkte of geen verandering beteken dat die verandering en groei elders sal plaasvind.

Ons moet die jonger geslag aanmoedig om betrokke te raak in amateur radio deur te eksperimenteer en navorsing te doen oor die frekwensies op VHF en hoër waar die toekoms lê. Die toekoms sal ook gefokus word op ruimte kommunikasie en binne tien jaar sal amateur kommunikasie met nedersettings op

die Maan moontlik wees en later met Mars. Die nuwe uitdagings sal veel groter belangstelling en meer opwindend vir die jonger geslag wees. Die SKA, die grootste wetenskaplike projek in hierdie eeu, sal op dreef wees in ons eie agterplaas, die Karoo asook die Outback in Australië. Dit alles sal die gretige asook tegniese-gesinde studente weer na amateur radio trek. Die Hammies projek in Suid-Afrika moet aangemoedig word.

** St Patricksdag aktiwiteit hoop om die bande groen te verander! Radio amateurs regoor die wêreld sal St Patricksdag vier op die lug deur die St Patrick toekenning http://stpatrickaward.webs.com/. "Ons hoop om die bande groen te maak," het die borge van die geleentheid gesê. Die St Patrick toekenning aktiwiteit sal op die lug wees vanaf 12:00 UTC op 16 Maart en dit duur tot 12:00 UTC op 18 Maart. Radio amateurs of KGLs word uitgenooi om deel te neem. Toekennings sal in vier kategorieë wees: SPD Stasie Toekenning (vir geregistreerde stasies); Vaste Stasie Toekenning; Mobiele Stasie Toekenning en Kortgolf Luisteraar Toekenning. Om te registreer as 'n amptelike stasie besoek http://tinyurl.com/zb3tkn7.

** Die SARL Nuusspan is op soek na n persoon om die Afrikaanse Bulletin op te neem as deel van Span 2. As jy belangstel, kontak vir Dennis, ZS4BS, by zs4bs@netactive.co.za

Jy luister na 'n nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga. Het jy vandeesweek amateur radio aan iemand gewys?

** Op Dinsdag 7 Maart het Luis, EA5DOM, en Jose, EA3HMJ, 'n toets met behulp van die amateur radio swak-sein data modus Opera vir 1 296 MHz Aard Maan Aard uitgevoer. Luis, EA5DOM, het die volgende gepos, "Ons twee gebruik elkeen n klein 180 cm offset' skottel. Jose het 400 W gebruik om inligting te stuur en ek het probeer om dit te ontsyfer. Die spoor was duidelik sigbaar, maar te swak vir 'n Op05 dekodering. Toe probeer ek OP1 en gaan na 70 MHz. Na 'n paar probeer slae het ons een dekodeer by -24 dB. Ek het oorgeskakel na OP2 en weer 'n paar keer probeer maar sonder sukses. Ek het probleme gehad om akkuraat te volg met die gevolg dat die sein nie optimaal was nie en te naby aan die dekodering limiet. Ons sal aanhou toets, maar tenminste was die een dekodeer die moeite werd.

** Bethulie nou op die VHF kaart. Terence van der Linde, ZS4VDL (ex ZS2VDL), het afgetree en is gevestig in sy huis in Bethulie en hy gaan Bethulie op die VHF kaart sit. Terence is nog baie gretig vir langafstand werking op 144 MHz en stel belang in skeds in die toekoms. Hy is toegerus met 'n 12 element horisontale Yagi, gevoed met 'n lae verlies koaksiale kabel wat Suid wys en 200 watt op 144 MHz ESB. Terence was die algehele analoog wenner van die PEARS BHF en UHF Kompetisie by verskeie geleenthede in die verlede.

** Baken Nuus. Leon Uys, ZR6LU, het gister 'n baken boustel aan die Hammies ARK by die Nasionale Amateur Radio Sentrum geskenk. Die Hammies is van plan om die baken op 20 meter te gebruik met WSPR en gelykgolf. Foto's van die konstruksie van die baken sal ingesluit word in Radio ZS. Dankie Leon!

** SDR werkswinkel in Kaapstad op 22 April. Na aanleiding van 'n baie suksesvolle simposium oor sagteware-gedefinieerde radio gehou in Gauteng teen die einde van verlede jaar, word 'n soortgelyke gebeurtenis deur AMSAT SA in die Kaap aangebied op Saterdag 22 April 2017 by die Bellville-kampus van die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie. Om te registreer besoek http://www.amsatsa.org.za/

** Die Overberg Amateurradioklub hou hul algemene jaarvergadering om 10:30 op Saterdag 18 Maart by die QTH van John, ZS1DI, en Judy, ZS1JEG, net buite Stanford. Daar sal die gewone bring en braai na die vergadering wees en besoekers is welkom. Vir verdere besonderhede kan jy vir André, ZS1AZ, kontak by 072 729 1680 of Sam, ZS1OR, by 073 250 0428. Ons hoop om jou daar te sien.

** Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak baie laag gaan wees. Vir die afgelope vier dae was daar nie 'n enkele sonvlek sigbaar nie. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van ongeveer een vir die week gebruik. Amateurs kan goeie openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou vir die dagboek van gebeure:

18 Maart - Overberg ARK algemene jaarvergadering by Stanford 25 en 26 Maart - die CQ WPX ESB Kompetisie 27 Maart - sluitingsdatum vir Radio ZS artikels 1 April - RaDAR Uitdaaging 8 April - Herfs QRP Kompetisie 15 April - sluitingsdatum vir RAE registrasie 22 April - SDR Werkswinkel in die Kaap

Om hierdie bulletin mee af te sluit, 'n herhaling van ons belangrikste item in die nuus vanoggend.

Radio Amateur eksamen besonderhede vir Mei 2017. Vanjaar sien 'n groot verandering in die dag van die eksamen. In die verlede was die eksamen altyd op Donderdagaande geskryf, maar vanaf vanjaar sal die RAE op Saterdagoggende geskryf word vanaf 10:00 tot 13:00. Dit maak dit makliker vir die kandidate wat nie altyd die eksamen kan aflê as gevolg van werks verpligtinge nie. Registrasie vir die eksamen het geopen op 21 Januarie en sluit op Saterdag 15 April. Die eksamen sal geskryf word op Saterdag 20 Mei. Om te registreer, gaan na www.sarl.org.za/public/licences/rae.asp

** Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuusbrokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuusberigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 sentraal Afrika tyd na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband, 7 205 en 17 760 kHz AM en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika.

'n Potgooi deur Dick, ZS6RO, is ook beskikbaar. 'n Heruitsending vind op Maandae om 18:30 sentraal Afrika tyd op 4 895 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za. Sentech borg die uitsendings op die nie-amateur frekwensies.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Dennis Green, ZS4BS, geredigeer deur Johan de Bruyn, ZS6JHB, en gelees deur …….

73 en 88, dankie dat jy geluister het.

/EX